

5 April

Skrifgedeelte: Psalm 139 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Spreuke 30:18–19 (1933/53-vertaling)

Jou sondes spoorloos weg!

Die weg van 'n arend in die lug; die weg van 'n slang oor 'n rots; die weg van 'n skip in die hart van die see; die weg van 'n man by 'n maagd – hieroor staan die wyse Agur in verwondering. Dit lyk na vier sake wat niks met mekaar te doen het nie. Jy wonder waarom 'n mens jou hieroor sal wonder?

'n Slang wat oor die grond seil, laat 'n duidelike spoor na, maar wanneer dit oor 'n rots gly, is daar geen spoor nie. Dieselfde geld vir die arend – dit laat geen spoor in die lug nie. En 'n skip? Die effense spoor word gou deur die bewegende water uitgewis. Wie kan sien of 'n jongman en jongmeisie met mekaar getroud is? Wat moontlik reeds tussen die twee gebeur het, sal niemand anders weet nie.

Daar is baie sondes wat geen sigbare spoor nalaat nie: dit wat jy dink oor iemand wat saam met jou in die kerkbanke sit; die plan wat jy eens bedink het om iemand anders te verkul; jou onuitgesproke wens dat iemand moet sterf – dit is dinge wat geen spoor nalaat nie en waarvan niemand anders weet nie. Daar is egter wel iemand wat al jou gedagtes ken. Soos Dawid, kan jy Hom nooit ontvlug nie. Daar is net een uitweg – om jou aan God oor te gee (Ps 139:23): “Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak.” Wanneer jy dit doen, gebeur daar 'n wonder. In Jesus Christus word jou sonde soos die weg van 'n slang oor 'n rots – elke spoor verdwyn. In milde vergewing vee God jou verlede heeltemal uit.

In die Tweede Wêreldoorlog moes 'n hele konvooi voertuie gekamoeifleer word. Een soldaat het baie moeite gedoen en sy vragmotor was feitlik onsigbaar, maar toe die son weswaarts begin sak, het die skaduwee van die vragmotor steeds groter geword. Dit het 'n pikswart kol teen die duin geword en was myle ver sigbaar. Met groot haas het hy 'n graaf gegryp en begin om grond op die skadu te gooi. Dit is wat gebeur wanneer ons self ons sondes ongedaan probeer maak.

Drie is dit wat vir my te wonderbaar is, ja, vier wat ek nie begryp nie: die weg van 'n arend in die lug, die weg van 'n slang oor 'n rots, die weg van 'n skip in die hart van die see... en die weg van my ontelbare sondes oor die heuwel Golgota.

Sing: Psalm 32:1,3,6 Ds FJ van Dyk (Ventersdorp)